PAPPA-LIEFDE

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

INDEKS

DEEL I: ONTDEK DIE LIEFDE VAN DIE VADER 4

LIEFDE (IN GRIEKS) 5

OPSOMMING 7

DEEL II: TERUGKEER NA DIE VADER SE LIEFDE 8

REKEN AF MET DIE SONDE IN JOU LEWE 9

AARDSE VADERS VS ONS HEMELSE VADER 13

HOE OM 'N VADER TE VERGEWE WAT VANWEë 'N VERWRONGE BEELD SKADE AANGERIG EN MY VERHOUDING MET GOD BELEMMER HET 17

DIE KERK AS VADERHUIS 18

JESUS – DIE WêRELD SE GROOTSTE HERLEWINGSPREDIKER 22

PAPPA-LIEFDE

DEEL I – ONTDEK DIE LIEFDE VAN DIE VADER.

Ons is geskape met ‘n innige verlange na die liefde van ons Hemelse Vader. As klein kindertjies soek ons blyke van daardie liefde in ons verhouding met ons aardse vaders. Ons smag na aanraking, woorde, drukkies ens. Liefde in **AKSIE**.

Wanneer ek nie liefde ontvang nie: ‘n kind soek na maniere om dié soort liefde te ontvang. Wat moet ek doen om my pa se liefde te wen?

Ek soek na maniere om my pa te beïndruk. Moet ek goed presteer? Moet ek uitblink in rugby of op die sportveld? Maak dit dalk sy hart “sag”?

PRESTASIE – as ek goed presteer, sal ek miskien my pa se liefde wen.

As ek presteer, word ek beloon. As ek misluk, is daar ‘n yskoue stilte, word ek uitgetrap, of te lyf gegaan.

Wanneer ek verwerping ervaar, ontwikkel ‘n **vrees vir mislukking**.

Dit kan wees dat jou ma die een is wat jou die liefde gegee het waarna jy so gesmag het. Wanneer sy die dag sterf, voel dit of jou hele wêreld in duie stort.

Verwerping ⇨ vrees vir mislukking ⇨ wanneer jy wel misluk ⇨ werk nog harder.

Ontmoet Jesus ⇨ Heilige Gees

⇩

deur Sy krag beoefen jy die dinge van die bediening

⇩

spesialiseer – lees elke denkbare boek.

Vrees vir mislukking: Om vir siekes te bid is ‘n angswekkende ervaring! Waarom die vrees?

JY KORT DIE LIEFDE VAN DIE VADER!!!

Jy is My seun/dogter. Ek is oneindeg lief vir jou en in My oë sal jy nooit 'n mislukking wees nie.

Liefde (IN GRIEKS)

DRIE BETEKENISSE

1. **AGAPé** – Romeine 5: 8 – teologies; liefde op 'n afstand; onvoorwaaardelike liefde

2. **PHILéO** – die liefde van God wat ons aanraak; die bewys van natuurlike toegeneentheid; warm, emosioneel.

3. **EROS** – fisiese liefde.

JOHANNES 5: 19 Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.

Erkenning van Sy menslikheid: *"Ek kan niks sonder My Vader doen nie."*

JOHANNES 5:20 Want die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen.

Ek **MOET** in voeling kom met die Vader.

"liefhê" – Philéo (werkwoord)

Slegs wanneer ons veilig in die Vader se liefde geborge is, sal ons lank genoeg vertoef om te luister na wat Hy wil sê. As ons nie daardie geborgenheid ervaar nie, word ons gedryf tot pogings om God se liefde te wen, om mense se liefde te wen.

Dit was nie vir Jesus nodig gewees nie. Hy het nooit iets gedoen om aan die mense te bewys wie Hy is nie. Hierdie "liefde" was nie net kopkennis nie – dit het die hele menswees geraak.

MARKUS 1: 11 En daar het 'n stem uit die hemele gekom: U is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het.

Jesus ontvang tasbare bewys van Sy Vader se Philéo-liefde.

⇩

Berg van Verheerliking
Tuin van Getsémané.

Die episode waar Satan probeer het om Jesus te versoek, bewys dat Jesus kon weier van weë Sy geborgenheid in die liefde van die Vader.

Voordat jy ‘n sukses van ‘n bediening kan maak, moet jy eers self in die liefde van die Vader geborge wees.

Slegs dan kan jy die ware vrugte dra: medelye met ander.

‘n Christen is nie maar net ‘n student wat alles oor Jesus bestudeer nie. ‘n Christen is iemand wat **lyk soos** Jesus. Jesus is ons rolmodel – as dit vir Hom nodig was om met die Vader se liefde vervul te wees, HOEVEEL TE MEER VIR ONS!

Terug na die Jordaanrivier! Jesus → Heilige Gees → liefde van die Vader.

Johannes 16:26 *In daardie dag sal julle in My Naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie.*

Dit wat Jesus ervaar het, beloof Hy ook aan elkeen wat Hom volg.

In die Naam van Jesus kan jy nou self direk na die Vader gaan.

JOHANNES 16:27 *Want die vader self het julle lief, omdat julle My liefgehad en geglo het dat Ek van God uitgegaan het.*

Die Vader het jou **lief** – philéo.

JOHANNES 17: 20, 25, 26. *Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle word in My sal glo.*
Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.
En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan
Wees, en Ek in hulle.

Die Vader se liefde trek ons na Jesus sodat ons gered kan word. Dit is egter nie genoeg nie → ons moet terugkeer na die Vader sodat ons Sy liefde kan ervaar.

Jesus bid hierdie gebed vir ons en is **voortdurend** besig om dié gebed te bid totdat ons die Vader se liefde ervaar het. Dit is waarom Hy ons kom red het.

Handelinge 1: Die krag van die Heilige Gees,
Handelinge 2: Die uitstorting van die Heilige Gees.

ROMEINE 5: 5 *…omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.*

ROMEINE 8: 14-15 *Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.*

Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!

"Aanneming": Om 'n seun in die teenwoordigheid van sy vader te bring. By 'n seun se mondigwordingseremonie word hy na sy pa gebring, wat hom dan omhels en erken as sy seun.

1. Die Heilige Gees bring ons **in die teenwoordigheid van die Vader** en daar ontvang ons die bewys dat ons Sy kinders is.

2. Die **getuienis van die Heilige Gees** is die onweerlegbare bewys, Dit is dieselfde getuienis wat Jesus ontvang het. Toe Jesus gedoop is, het Hy in Sy hart die geruienis gehad dat Hy die Seun van die Vader is: *"Jy is my geliefde Seun …"*

3. Die Heilige Gees laat ons uitroep*:"**Abba "Vader**!"*

OPSOMMING

1. Die liefde tussen Jesus en die Vader is philéo-liefde: Die bewys van 'n natuurlike toegeneentheid.

2. Dit is dieselfde liefde wat Jesus aan Sy dissipels beloof het.

3. Jesus bid daardie gebed vir ons sodat die Vader Homself aan elkeen van ons sal openbaar.

DEEL II - TERUGKEER NA DIE VADER SE LIEFDE

Wanneer ons deur die Vader nader aan Hom getrek word, vind ons dikwels dat daar sekere dinge in ons lewens is **wat deurgewerk moet word.**

Hierdie dinge wat ons moet deurwerk voordat die volle liefde van die Vader in ons lewens uitgestort kan word, behels basies twee aspekte.

1. Draai jou rug op sonde – die dinge wat maak dat jy jou lewe vul met allerlei ander dinge, pleks van met die Vader se liefde. Lê alles af en stel jouself oop vir die Vader.

2. Jy moet diegene wat teen jou gesondig het **vergewe.**

Die Vader het Sy Seun gestuur om ons te kom verlos, maar die oomblik wanneer ons die Seun in ons het, wil Hy ons weer teruglei na die Vader sodat ons die Vader se liefde kan ontvang – 'n **liefde wat jou aanraak**.

Party mense is só verwond dat hulle jare laas kon huil. Hulle kan hulself nie toelaat om te vóél nie, omdat dit 'n teken van swakheid sou wees (dis wat hulle geglo het).Wanneer die Vader se liefde deur daardie dik skanse begin breek, verskyn daarna die trane soos 'n fontein wat oorloop!

Elke keer wanneer ons in God se teenwoordigheid kom, wil Hy Sy liefde in ons harte uitstort. Baie mense word aangeraak, maar daar is ook talle wat nooit die voheid van God se liefde ervaar nie. Ons gaan leer dat as ons die volheid van die Vader se liefde wil ervaar, ons sáám met God sal moet werk.

- Ons sal ons sonde moet laat staan en
- die wat teen ons gesondig het, moet vergewe.

OM DIE VOLHEID VAN GOD SE LIEFDE IN JOU LEWE TE ERVAAR, IS 'N PROSES

REKEN AF MET DIE SONDE IN JOU LEWE

In die wêreld:

Baie van ons word groot in ‘n vaderlose samelewing. Ons het nooit die liefde en aanvaarding van ‘n vader geken nie.

In die kerk:

Jy dra die gevolge van jou vaderloosheid saam met jou in die Kerk. As die kerk nie die liefde van die Vader weerspieël nie, is die kerk in ‘n geestelike sin vaderloosl Mense is op soek na ‘n vader, maar daar is niemand wat hulle van God die Vader kan vertel nie.

Die lewe van die twee seuns in die verhaal van die Verlore Seun, weerspieël die twee lewenstyle van vaderlose mense. Die resultaat van vaderloosheid, is ‘n vaderlose leefwyse. In die lewens van Christene, sowel as nie-Christene, sien ons die tekens van ‘n vaderlose lewenstyl.

Kom ons kyk na die gelykenis van die Verlore Seun (**Lukas 15: 11**).

Nie een van die twee seuns het ‘n verhouding met hul vader nie.

Die jongste seun leef in openlike sonde. Hy kan selfs ‘n Christen wees, maar hy ken nie die Vader nie. Mettertyd dwaal hy af tot hy uiteindelik in openlike sonde verval.

Die oudste broer glo dat hy hard moet werk om God se liefde te verdien. Hy probeer by God uitkom deur godsdiens.

Mense val gewoonlik in een van twee kategorieë:
• Openlike sonde, of
• Godsdiens. Nie een van die twee groepe ken egter vir God nie! Hulle moet deur Jesus Christus weer terugkeer na die Vader.

DIE JONGSTE SEUN

Hy toon die kenmerke van ‘n rebelse lewenstyl. ‘n “LOSBANDIGE LEWENSTYL” lei tot ongebreidelde sensualiteit en uitspattige verkwisting.

1. **Immoraliteit (v30):** - Probeer die liefdesvakuum vul.
   Valse toegeneentheid.

Immoraliteit is Satan se **plaasvervanger vir ware toegeneentheid.** Immoraliteit is ‘n warm opbruising wat die liggaam en emosies oorweldig en ‘n valse gevoel van toegeneentheid meebring. Dit kan begin met ‘n enkele onsuiwer gedagte.

Wanneer ‘n persoon met ‘n liefdesvakuum self net ‘n onsuiwer gedagte bedink en dit dan begin koester, gee dit hom ‘n valse emosionele opwelling. Hierdie gevoel is egter so vlietend soos ‘n asemteug en gaan gou verby.

Die volgende stap is wellus: langdurige koestering met die oë, ‘n valse gevoel van intimiteit, ‘n valse gevoel van toegeneentheid, ‘n valse opwelling in die liggaam en emosies. Dit lei tot promiskuïteit, ontug, egbreuk en perversiteit. Ons probeer hierdie vakuum vul deur die een ding na die ander te beproef.

Die rede waarom daar so baie immoraliteit binne die kerk is, is omdat die mense leeg is en nie die Vader se liefde ervaar nie. Dit is ‘n teken van vaderloosheid.

As ‘n persoon worstel met immoraliteit, beteken dit dat hy **buite** die Vader se huis is – hy is vér van die liefde van die Vader. Hy probeer die honger na die Vader se liefde stil met valse toegeneëntheid.

Die heel eerste toevlug waarheen ons ons wend as ons nie die Vader se liefde ontvang nie, is immoraliteit. As dit jou probleem is, moet jy terugkeer na die Vader!



2. Misbruik van middels: ‘n tweede aspek van ‘n losbandige lewe is die misbruik van middels. Dit is ‘n poging om die pyn van vaderloosheid te verdoof of ‘n

valse gevoel van erkenning mee te bring.

3. Materialisme: die wegloopseun bestee al sy geld aan goed in ‘n poging om die goedkeuring van sy vriende te wen.

DIE RESULTAAT: STEEDS ONVERVULD!

Nou word die verlange na die Vader byna ondraaglik! Keer terug na Hom en ontvang Sy liefde!

DIE OUDSTE SEUN

Jesus het die Fariseërs hewig ontstel deurdat hy medelye betoon het teenoor gewone mense, en dit op die Sabbat (genesings, ens.)! Jesus wou hulle leer wat medelye is en het die oudste broer as voorbeeld gebruik.

DIE KENMERKE VAN 'N GODSDIENSTIGE LEWENSWYSE SOOS GESIEN KAN WORD IN Dié VAN DIE OUDSTE BROER

Sy lewenstyl was een van **godsdienstige strewe** (v. 25). Hy het daaarna gestrewe om iets te ontvang.



Beskouing: Hy moet hard werk sodat sy pa hom kan seën.
Feit: Dit is onnodig.

Mense met onsekerhede, sal probeer om hard te werk om die Vader se liefde te verdien. Dit lei tot godsdienstige strewe, wat beteken dat hulle in werklikheid buite die Vaderhuis is. Hoe **harder hulle werk**, hoe **verder raak hulle verwyder van die liefde waarna hulle strewe**.

Godsdienstige strewe is 'n poging om die Vader se liefde te probeer verdien deur werke. Die Fariseërs het hul bes probeer om die Wet na te kom, en het inderdaad geglo dat hulle dit wel regkry. Dit het gelei tot selftevredenheid.

GODSDIENSTIGESTREWE = PRESTASIE

GESINDHEDE / VRUGTE VAN GODSDIENSTIGE STREWE

1. Selftevredenheid: Jy doen **baie meer as al die ander**, jy doen dit beter en jy behoort erkenning te kry.

Die gevolg: jaloesie, kompetisie, kritiese gees, veroordeling. Dit getuig van 'n vaderlose lewenswyse en is in werklikheid niks anders as sonde nie.

2. **Woede:** Jy werk hard om die Vader se liefde te wen en as daar niks gebeur nie, word jy kwaad.

God sê jy moet eers klaarspeel met jou godsdienstige strewe en woede voordat jy Sy liefde kan ontvang. Woede ontstaan ook wanneer kompetisie bedreig word deur medelye.

As mense jou seergemaak het en jy het hulle nog nie vergewe nie, staan jou woede in die pad van die Vader se liefde. Wanneer jy deur jou aardse vader of deur 'n gesagsfiguur verwerp is, lei dit dikwels tot woede.

Woede wys dat ons nog **buite** die Vaderhuis staan. Wanneer jy God, ander en jouself vergewe, is jy **vry om in die Vaderhuis in te gaan en genesing te ontvang.**

DIE VERLORE SEUN SE TERUGKEER NA DIE VADER

VERLORE SEUN

Stap 1 (v.17): Hy kom tot sy sinne. *Ek het die Vader **nodig**.*

Stap 2 (v. 18) Hy het berou: Verander van rigting. **Laat die verkeerde lewe agter en keer terug na die Vader.**

Stap 3 (v. 20): Hy ontvang die volheid van die Vader se liefde.

God ontmoet ons met **medelye: philéo-liefde** – ‘n innige toegeneentheid. Die Vader hardloop sy seun tegemoet, omhels hom en soen hom. Dit is wat hy agtergelaat het, waarvan hy die gemis met allerlei ander dinge probeer opvul het.



AARDSE VADERS VS ONS HEMELSE VADER

LUKAS 11: 11-13 *En vir watter vader onder julle sal as sy seun brood vra, en hy sal hom 'n klip gee; of ook 'n vis, en hy sal hom in plaas van 'n vis 'n slang gee; of ook as hy 'n eier vra, hom 'n skerpioen gee? As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?*

Daar is 'n sekere mate van goedheid in ons aardse vaders (hulle sal ons nie 'n **klip gee as ons brood vra nie**). **Hoeveel te meer** is ons Hemelse Vader nie goed nie.

As ons na ons aardse vaders kyk, kan ons iets verstaan van hoe ons Hemelse Vader is. Alle vaderskap kom van Hom af. Alle vaders het daardie titel ontvang. Dit is 'n beskrywing van die aard van hul roepng. Hulle moet vir hul kinders 'n voorbeeld wees van God die Vader.

LUKAS 11:13 …*julle (vaders) wat dan sleg is*…

Voordat sonde in die wêreld gekom het, het hulle die potensiaal gehad om daardie rol volmaak te vervul. Sonde het egter daardie vermoë geknou.
"Sleg" – Grieks – geskend / verwring deur sonde.

Ons aardse vaders is in 'n mate skeefgetrek van weë die sonde. Die probleem is nou dat 'n kind wat deur hierdie lens na God die Vader kyk, 'n ietwat verwronge beeld sien.

Wanneer ons klein is, sit ons 'n "pappa-bril" op wanneer ons na ons aardse vaders kyk. As ons groter word, sien ons God die Vader deur daardie lens. As daar miskien net 'n geringe afwyking is omdat ons 'n goeie pa gehad het, is dit vir ons maklik om die goedheid van God te ervaar.

MAAR in baie gevalle is die beeld geweldig verwring, bv. waar die pa die kind by geboorte verlaat het. Die kind weet nie wie sy pa is nie en die beeld wat hy van die Vader het, is: Hy is nie daar vir my nie.

Die mate waarin die beeld verwring is, wissel van persoon tot persoon. Dit is in ons diepste wese ingebed. Hierdie beeld word in ons vroeë kinderjare vasgelê en kan uiteindelik 'n geweldige sterk vesting raak.

In die genesingsproses is daar baie dinge wat deurgewerk moet word, maar die vernaamste deurbraak kom eers wanneer ons daardie bril afhaal. In Jesus haal ons die bril aft en vergeef ons vaders vir die verwronge beeld wat hulle aan ons oorgedra het. Daardie verwringing is in werklikheid sonde, want dit beteken dat ons 'n verkeerde beeld van God die Vader gehad het.

VADERS MOET GEREELD VERGIFFENIS VRA VIR DIE FEIT DAT HULLE 'N SKEWE BEELD VAN GOD DIE VADER OORDRA. HULLE MOET HULLE KINDERS HELP OM TE BESEF DAT HOEWEL HULLE (OUERS) ONVOLMAAK IS, GOD WEL VOLMAAK IS.

Wanneer ons ons vaders hulle sonde vergewe, pleit ons die Bloed van Jesus, wat al die merke van die sonde uitwis. Wanneer die mag van daardie verwronge beelde verbreek word, kan ons begin om God te sien soos Hy werklik is.

Die "bril" is die deurslaggewende aspek om "tot ons sinne te kom", beteken dat ons die bril moet afhaal. Almal van ons dra verskillende brille wat afgehaal moet word voordat ons die liefde van die Vader kan ontvang.

ALGEMENE VERWRINGINGS

1. PRESTASIE-GEDREWE VADER

Hy gee liefde as beloning vir prestasie ten opsigte van opdragte, sport, akademie, ens. Ons lewe in 'n prestasie-gedrewe, kompetisie-gerigte samelewing, daarom is dit nogal 'n baie algemene vaderskapstyl. As die kind 'n A kry, word hy beloon. As die kind 'n B kry, onttrek die ouer hom. Hy glo hy moet hom onttrek, omdaat hy nie 'n B kan goedkeur nie – as hy wel die B sou prys, sou hy dalk nie 'n A kry nie.

AANVAARDING = GOEDKEURING

Wanneer die ouer hom onttrek, voel die kind seergemaak. Op dié manier begin die verwydering tussen ouer en kind intree. As volwassenes vind sulke kinders dit geweldig moeilik om by God uit te kom, omdat hulle so prestasie-gebonde is. Dit is gewoonlik eers wanneer hulle om een of ander rede nie meer soos altyd kan presteer nie, dat hulle in voeling kom en besef dat hulle iets omtrent die saak moet doen. Hierdie tipe ervaring skep die indruk van 'n Vader wat godsdienstige prestasie vereis. As ons nie versigtig is nie, dra ons hierdie beskouing ook oor in ons verhouding met God.

Dit is glad nie ongewoon dat prestasie-gedrewe mense hulle in **godsdienstigheid** begewe nie, m.a.w. hulle probeer deur hul werke God se liefde verdien. Vir 'n rukkie mag dit selfs goed gaan, totdat hulle uitbrand of 'n ineenstorting beleef.

Partykeer besef ons eers na 20 jaar van getroude lewe dat 'n prestasie-gedrewe lewenstyl nie werk nie. Wanneer die kinders op die ouderdom van 18 die huis begin verlaat om hul eie potjie te krap, besef ons vir die eerste keer dat hulle, wanneer hulle aan hul eie besluite oorgelaat word, nie noodwendig die Here dien óf veel van 'n verhouding by die huis handhaaf nie.

2. DIE PASSIEWE VADER

Hy is nie dikwels tuis nie, is nie beskikbaaar wanneer hy tuis is nie of wys nie juis liefde nie. Hy is passief in sy liefdesbetuiging.

In teenstelling met prestasie-gedrewe vaders wat eise stel en dit sellfs nogal streng kan afdwing – wat m.a.w. BAIE BETROKKE is – is die passiewe vader net eenvoudig onbetrokke. Hulle gee geen blyke van liefde of toegeneentheid nie, is fisies afwesig, of wanneer hulle wel tuis is, skuil hulle agter die koerant. Hulle gee geen uitdrukking van liefde nie, hetsy deur woorde, aanraking of gebare.

Passiewe vaders is vaders wat voortdurend op reis is (dikwels nie tuis nie), werkesels, alkoholiste, geskeide vaders wat die huis verlaat het, vaders wat op ‘n vroeë ouderdom gesterf het, of vaders wat emosioneel afgeslote is. Hulle kan in enige van hierdie kategorieë val. Alkoholiste is mense wat geheel en al met hulself behep is; hulle gee nooit nie en wil altyd net ontvang. Hierdie vaderskapstyl laat die kind met die gevoel dat niemand hom liefhet nie.

Die gevolgtrekking / afleiding: Die vader is op ‘n afstand, onbetrokke, gee nie om nie, wys geen liefde nie. Daar is geen drukkies, ens. nie. Christene wat uit so ‘n agtergrond kom, vind dit moeilik om die Vader se liefde te ervaar.

Die kind van ‘n prestasie-gedrewe vader leef voortdurend met die pyn van verwerping en vrees. Hy probeer gedurig presteer om te verhoed dat hy seerkry. Hy bly egter deurentyd bewus van sy pyn – net een woordjie van kritiek is genoeg om ide hele proses aan die gang te sit.

Die wonde wat toegedien is deur ‘n passiewe vader, lê baie diep en is baie moeiliker om te identifiseer. Dit is net so pynlik, maar dit kan heelwat langer duur voordat dit aan die lig gebring word. Hierdie soort vader pleeg in der waarheid die sonde van versuim – HY HET SY KIND IN DIE STEEK GELAAT.

DIE LENS / BESKOUING VAN DIE KIND



1. GOD IS OP ‘N AFSTAND

Hy verwag nie regtig dat God sal deurbreek nie. Wanneer dit wel gebeur, sukkel hy geweldig om dit te aanvaar. WAAROM?

Hy is nie “vader-vriendelik” geprogrammeer nie. As sy pa nooit sy liefde teenoor hom betuig het, hom vasgedruk het, saam met hom gehuil het of enige emosionele kontak met hom gemaak het nie, is hy nie geprogrammeer om emosioneel aktief te wees nie. Hy sukkel om enige emosionele reaksie te toon.

“Ek het alles gedoen wat jy gesê het, tog het God my nie aangeraak nie.”

2. ‘N VADER WAT STRAF

Hierdie vader veroorsaak pyn deur emosionele, fisieke of seksuele mishandeling, eerder as om liefde te gee.

Beskouing van die Vader: Streng, hardvogtig, onvergewensgesind, liefdeloos, onbetroubaar.

Party mense glo dat God ons straf sodra ons struikel. Wettiesheid is wanneer jy ervaar dat God jou straf en jy jou bes probeer om **foutloos** op te tree uit vrees vir vergelding.

HOE OM ‘N VADER TE VERGEWE WAT VANWEë ‘N VERWRONGE BEELD SKADE AANGERIG EN MY VERHOUDING MET GOD BELEMMER HET

1. ERKEN SY SONDE

Ek moet dit in die oë kyk. Baie mense sou dit eerder wou ontken. Ons wil nie aan die pyn herinner word nie. “Ek weet ons het probleme gehad, maar hy was op sy manier lief vir my en daar’s nie regtig fout nie.” **Ek móét erken dat hy wel teen my gesondig het, dan eers kan ek hom werklik vergewe.**

2. SPREEK HOM VRY

Om te vergewe beteken dat ek **hom sal vryspreek en nie langer sal veroordeel nie.** Om hom vry te spreek beteken dat ek nie langer sal hoop hy kom terug om dinge reg te stel nie. Party van ons is vasgevang in tyd en bly wag dat ons vaders sal terugkom om reg te maak, om te sê hulle is jammer, om vir ons te kom sê dat hulle tog al die tyd vir ons lief is.

Die feit is, dit **maak nie regtig saak** of jou pa wel om verskoning vra nie. As hy dit wel doen, is dit goed, maar dit maak geen verskil aan daardie dinge wat in die tyd vasgevang is nie. Jou gedagtes en emosies bly toegesluit in daardie tydsperiode. **Net God kan dit aanraak.** Ons kan in die hede dinge met ons vaders uitklaar, maar **net God het toegang tot die verlede.** Dit is waarom dit nog steeds nodig is on na God te gaan sodat Hy ons diepste seerkry kan genees.

Om jou pa vry te spreek, beteken dat jy sal **ophou wag op sy liefde en goedkeuring.** Dit beteken dat jy nie langer op hom sal fokus nie. Solank jy nog op hom fokus, kan jy in ‘n negatiewe sin net soos hy raak – die band van onvergiffenis (Joh. 20:23). Onvergiffenis kan jou in só ‘n mate aan ‘n persoon bind, dat jy later aan diesselfde skete of siektes as daardie persoon kan begin ly!

Wanneer jy jou pa vryspreek, beteken dit jy is vry om **jou volkome aan jou Hemelse Vader oor te gee.** Dit beteken ook dat ek voortaan op ‘n volwasse manier met my pa sal omgaan, dat ek hom sal aanvaar, waardder, ens.



Wanneer jy vry is, kan jy gevul word met die liefe van die Vader en **uiteindelik** jou kinderskoene ontgroei.

DIE KERK AS VADERHUIS

LUKAS 2:49 *Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?*

JOHANNES 2:16-17 *En vir die duiweverkopers het Hy gesê: Neem daardie dinge hier weg; moenie die huis van My Vader 'n handelshuis maak nie. En sy dissipels het onthou dat daar geskrywe is: Die ywer vir U huis het my verteer.*

Lukas 15 gee ons 'n kykie op die Vaderhuis en wat daar aan die gang is – feesvieringe en dans!

In **Matt. 21:12-16** lees ons hoe die temple vir die tweede keer gereinig word: Weer eens word daar ontslae geraak van godsdienstigheid. As die kerk ná so 'n reinigingsessie nie met die liefde van die Vader gevul word nie, neem godsdientigheid weer oor. Die toegang na die kerk word versper deur godsdientige dinge en aktiwiteite.

ONTHOU: Die verlore siele moet teruggewen word deur genade en medelye, nie op grond van een of ander standard waaraan hulle moet voldoen nie.

Nadat Jesus die tempel gereinig het, het die verlamdes en armes ingekom sodat Hy hulle kon gesond maak. Vantevore kon hulle nie inkom nie, omdat godsdienstigheid in die pad gestaan het.

DIE GEVOLG: Die mense begin Jesus spontaan loof en prys, Die Fariseërs is woedend net soos die oudste broer.

WAT ONS BY DIE VADERHUIS KAN LEER

1. PERSOONLIKE IDENTIFIKASIE IN DIE VADERHUIS

Die verlore seun ontvang 'n nuwe stel klere. Vader reken onmiddellik af met die verkeerde identiteit waarmee ons gebrandmerk is deur:

a) Die vyand/mense, bv. onnossel, 'n mislukking, 'n weggooikind, deugniet, ens.

b) Ons eie doelbewuste sonde, bv. dronklap, losbol, seftevrede, ens.

EERS SEUNS EN DOGTERS (deur ondervinding)

↓

DIENSKNEG (leer om te gee)

↓

RENTMEESTER (dan eers 'n bediening)

RENTMEESTERSKAP SONDER KINDSKAP LEI TOT STREWE

As daar nie 'n sterk teenwoordigheid van die Vader se liefde in die kerk is nie, skud die mense nooit hul ou identiteite af nie. Daardie identiteite weerspieël soms pynlike kwessies in hul lewens waarvoor daar genesing nodig is.



NOU KAN GOD JOU ROEPING / BEDIENING AAN JOU OPENBAAR – 'N NUWE IDENTITEIT IN CHRISTUS!

2. HEILIGHEID IN DIE VADERHUIS

Jesus het ontslae geraak van die sonde en godsdiensigheid wat die ingang na die huis van die Vader belemmer het. 'n Beweging na heiligheid – die reiniging van die temple – moet altyd in die konteks van liefde geskied.

Die strewe na heiligheid word deur een van twee dinge gemotiveer:
a) Vrees of
b) Liefde.

Vanselfsprekend is liefde die beste motivering. As jy eers die liefde van die Vader ervaar het, wil jy nie daarsonder klaarkom nie. Die oomblik wanneer jy jou weer oopstel vir sonde, ervaar jy nie meer die liefde nie. Dit motiveer jou om so gou as moontlik van daardie sonde ontslae t raak!

As 'n beweging na heiligheid nie met 'n uitstorting van liefde gepaard gaan nie, bly die mense nie heilig nie. Hulle bly nie gemotiveerd nie. In ons strewe na heiligheid moet ons in der waarheid strewe na die Vader.

3. KRAG IN DIE VADERHUIS

Die kerk is die plek waar genesing moet plaasvind. Wanneer ons die Vader se liefde ontvang, ervaar ons ook Sy medelye, wat begin om ons te genees. Dan word ‘n onuitputlike bron van medelye in óns uitgegiet, waardeur ons ook ander tot genesing kan lei.

MATT. 15:26 *Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie.*

‘n Kragbediening gaan altyd hand aan hand met die betoon van medelye. Genesing en bevryding is die brood van die kinders.

4. GEBED IN DIE VADERHUIS

Jesus sê dat die huis van die Vader in die eerste plek ‘n huis van gebed is. Die salwing van intersessie is allereers ‘n salwing van medelye, Die Vader se liefde gryp jou hart aan: Wanneer jy iets van Sy medelye verstaan, kan jy werklik bid.

Waarom hou ek aan met bid? Omdat die Vader ‘n beloning het vir hulle wat in die geheim bid. Hy openbaar Homself al méér aan ons – dit is ons beloning!

5. LOFPRYSING IN DIE VADERHUIS

Wanneer die verlore siele terugkeer, is daar blydskap en feesvieringe. Die Vaderhuis is ‘n plek van vreugde.

Ons het die liefde van die Vader nodig om in ons harte en in ons kerke deur te breek. Ons moet nie verbaas wees as daar vrolikheid in die Vaderhuis is nie! Die Faariseërs – net soos die oudste broer – het nog altyd ‘n probleem daarmee gehad. Vir mense wat vol van hulself is, is dit baie moeilik om terselfdetyd vol vreugde te wees.

Heb. 13:15 *Laat ons dan gedurig deur Hom aan God ‘n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat Sy Naam bely.*

In die Vaderhuis is daar oorvloedige blydskap!
Wanneer ons die Vader loof en prys met ons sang, word Sy liefde in ons lewens uitgestort.

Dan begin die kerk om Jesus te aanbid met die liefde van die Vader. Wanneer dit gebeur, kom Jesus, die Bruidegom, Sy Bruid ontmoet en verdryf Sy kosbare liefde al ons pyn, hartseer en pogings to godsdienstigheid.

STAPPE TERUG NA DIE VADER

Die oomblik toe ons gered is, het Jesus ons met Sy liefde kom bedien. Ons emosies was so oorweldig deur Sy liefde: daar was trane, vreugde, warmte, ens. Maar mettertyd het die gevoel verflou. Ons het ons eerste liefde verloor.

Jesus moedig ons aan om weer by die Vader uit te kom. Wanneer jy gedurig van die Vader se liefde bewus is, sal jy weet hoe die Vaderhart oor Jesus voel, en sal jy nie anders kan as om Jesus altyd lief te hê nie.

Die sleutel tot 'n ewige liefdesverhouding met Jesus, is om voortdurend vervul te word met die liefde van die Vader. Die liefde van die Vader hou jou veilig en geborge.

6. VERKONDIG DIE BOODSKAP VAN DIE VADERHUIS

Ons moet die boodskap van die Vaderhuis – die boodskap van die Vader se medelye – aan die verlore siele bekend maak. Wanneer die verlorenes hoor dat die Vaderhuis gevul is met Sy medelye en liefde, begin hulle terugkeer huis toe.

Geestelike gawes is die werktuie waarmee die Vaderhuis gebou word. Die kerk se **doel** moet wees om die Vaderhuis op so 'n wyse te bou dat al die voorafgaande aspekte ervaar sal word.



DIE HERLEWING KOM!

KRAGTIGE EVANGELISASIE VOLG!

DAAR IS 'N UITSTORTING VAN KRAG, MAAR OOK VAN LIEFDE!

JESUS – DIE WêRELD SE GROOTSTE HERLEWEINGSPREDIKER

Dit begin alles by die Jordaanrivier – Jesus wys ons waar ons moet begin as ons Hom wil volg. Hy is gedoop om uitvoering te gee aan die Wet en om Hom geheel en al met die sondige mensdom te vereenselwig.

Ons dompel ons in die rivier wat al ons sonde afwas en vra Jesus om ons Saligmaker te wees. Dit is wat van ons Christene maak. Ons glo dat al ons sonde in Jesus vergewe is.

Ons kan egter nie in die rivier bly nie, ons moet uitklim en verder kom as bloot die feit dat ons gered is. Ons moet Jesus begin volg.

Hoekom is Jesus sinoniem met herleweing?

MEDELYE = DIE KRAG VAN LIEFDE

Voor jy herlewing kan bring, moet jy gesalf word met liefde / medelye en krag. Om in Jesus se voetspore te volg, beteken dat jy die pad van herlewing moet begin stap.